

Maandag 11 Maart

Skrifgedeelte: Efesiërs 2:11-22

Fokusgedeelte: Efesiërs 2:14a

Ons troos: Christus is ons vrede

Meestal verstaan ons vrede as die afwesigheid van oorlog. Hier hoor ons – Christus is ons vrede (vs 14a). Hy het die goeie boodskap van vrede gebring (vs 17). Deur sy dood aan die kruis (vs 16) het Hy vrede bewerk. Die vrede wat Christus deur sy kruisoffer gee (Joh. 20:19, 26) is dié van versoening (vs 16). Versoening beteken Hy gee vrede, want Hy maak stukkende verhoudings heel:

- tussen God en sondaars (Jode en nie-Jode);
- tussen mense onderling (Jode en nie-Jode).

Vrede met God beteken: (1) Christus bring sondaars – Jode en nie-Jode – wat ver van God gelewe het, naby God (vs 13, 17). Deur sy kruisoffer, deur sy bloed, is gelowiges met God versoen. Ons verhouding met Hom is herstel. (2) Gelowiges, Jode en nie-Jode, is almal medeburgers van die koninkryk van God (vs 19; Fil. 3:20). (3) Alle gelowiges, ook ons, is deel van God se huisgesin (vs 19). Ons is sy kinders (Ef. 1:4-5). (4) Gelowiges is saam 'n geestelike huis waarin God woon, 'n heilige tempel vir die Here waarvan Christus Jesus self die hoeksteen is (vs 20-22). Al hierdie beelde – die van burgers, 'n huisgesin en 'n tempel – bevestig dat Christus ons deur sy bloed met God versoen het. Daarom kan ons naby God, in sy teenwoordigheid, lewe.

Christus bring ook vrede tussen mense. In Efese het Christus deur sy kruisdood 'n einde gemaak aan die vyandskap en skeiding tussen gelowiges uit die Jode en gelowiges uit die nie-Jode, want:

- Christus het die wet en sy bepalings, wat skeiding gebring het tussen Jode en nie-Jode, opgehef (vs 15);
- Christus het die muur van skeiding tussen Jode en nie-Jode afgebreek. By die tempel het 'n muur Jode en nie-Jode letterlik geskei. Deur sy liggaam (vs 14), deur sy soenoffer aan die kruis, gee Hy ons almal, deur een Gees, vrye toegang tot die Vader (vs 16; Heb. 10:19-22).

Christus is ons vrede! Hy het ons, gelowiges, met God versoen. Hy bind gelowiges oor alle grense saam in een liggaam, sy kerk, die huisgesin van God. Mag ons met die troos lewe:

- Christus is ons vrede – deur sy bloed is ons met God versoen.
- Christus is ons hoop – in die reënboognasie van ons land – vir vrede.

Sing: Lied 284: 1, 2, 3

Ds. FM (Frederik) Dreyer (Noordrand)